DEPARTEMENT ARGITEKTUUR UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

BEWARINGSVERSLAG AAN DIE STADSRAAD VAN HEIDELBERG

NOVEMBER 1988

SCHALK LE ROUX
ROGER C FISHER

# HEIDELBERG

## TRANSVAAL



VOORWOORD

Die stad Heidelberg onderskei hom van al die ander stede in die Transvaal deurdat hy myns wetens die eerste stad naas Johannesburg is wat die insig gehad het om 'n opname van sy bewaringswaardige geboue en plekke te laat maak. Dit spreek boekdele vir die versiendheid van die betrokke stadsvaders en wek die hoop dat ander stede hierdie inisiatief sal volg. Heidelberg is gelukkig om oor 'n omgewingsgehalte te beskik wat 'n studie van hierdie aard regverdig en dat sy inwoners dit waardeer.

'n Blote opname van bewaringswaardige geboue en plekke kan maklik in 'n katalogus ontaard en dan maar net nog 'n stofvergarende geskrif word. Dit is derhalwe besonder prysenswaardig dat in Heidelberg besluit is om die aanbevelings van die opname in die Struktuurplan te integreer. Op hierdie wyse word paniekbevange burgerinisiatiewe, proteste en demonstrasies vermy. Die burgery se vertroue in sy plaaslike owerheid word geregverdig en versterk. Beleggers weet waar hulle aan of af is. Ontwikkelaars word van riglyne voorsien. Bewaring staan dus nie in konflik met ontwikkeling nie, maar is 'n integrerende deel van verstandige ontwikkeling.

Die voorstelle in hierdie studie vervat is gegrond op die realisme van die haalbare. Bewaring behoort nie meerdere koste mee te bring nie, maar eerder onnodige verliese op kulturele en ekonomiese gebied te vermy.

Opgeleide buitestaanders is gewoonlik in 'n beter posisie as die inwoner om die ontwikkelingsmoontlikhede en bedreigings van 'n dorp te beoordeel. Die pêrel in ons midde waardeer ons dikwels nie. Derhalwe was dit sinvol dat die Departement van Argitektuur van die Universiteit Pretoria ingespan is om hierdie taak te onderneem.

Onder leiding van dosente het studente eerstehands kennis gemaak met ons eie argitektuur en ook tegelyk oefening in wetenskaplike opnames bekom. Die resultaat spreek vir homself.

Ons hoop om in die toekoms verder in geleentheid gestel te word om sulke kontraknavorsing te verrig.

Ons hoop om daardeur by ons studente en by Jan Publiek 'n groter mate van omgewingsbewustheid aan te kweek.

My beste wense begelei hierdie onderneming.

Prof Dr D Holm

# DANKBETUIGING

Die volgende persone en instansies wat op een of ander wyse met die opstelling van hierdie verslag hulle hulp of ondersteuning gegee het, verdien ons opregte dank:

Die Stadsraad van Heidelberg wat besorgd is oor die kwaliteit van hulle dorp en gevolglik hierdie studie inisieer en moontlik gemaak het.

Die Bewaar Heidelberg Stigting en veral mev R Hoekstra wat die krag agter die bewaringspogings in Heidelberg is.

Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede wat hulle hulp en finansiële ondersteuning aangebied het.

Die Suid-Afrikaanse Weermag en veral Kommandant Reyneke wat verblyf, kos en hulp aan die opnemers voorsien het.

Die mense van Heidelberg wat ons in hulle huise en tuine toegelaat en verwelkom het.

Professor D Holm, Hoof van die Departement Argitektuur, UP, wat, sonder hink of pink, die studie goedgekeur, en dwarsdeur belang gestel het.

Mevrou J L Olivier van die Departement Argitektuur wat, sonder enige rede, betrokke geraak en gebly het om die verslag klaar te kry.

Die studente van die Departement Argitektuur, UP, wat Heidelberg entoesiasties ingevaar en die meeste harde werk gedoen het om hierdie studie deur te voer.

Schalk le Roux en Roger Fisher. Pretoria, Oktober 1988.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord .................................... i
Dankbetuiging ................................ ii
Historiese agtergrond ........................ 1
Die opname ................................... 10
Opnamemetodes ................................ 10
Gelyste plekke ............................... 10
Bewaringsgebiede ............................. 11
Bewaringsaksie ............................... 13
Aanbevelings ................................. 14
Studiegroep .................................. 14
Argitektoniese karakter ...................... 15
    Die Plein en die ruitpatroon ............. 15
    Straatmure ............................... 17
    Geboue ................................... 17
    Plantegroei .............................. 19
    Gevolgtrekking ........................... 19
Lysting van gebiede, geboue, plekke en elemente van historiese en argitektoniese belang ........ 21
    Kriteria vir klassifikasie ............... 21
    Van der Westhuizenstraat ................. 24
    Van der Westhuizenstraat: oos ............ 27
    Van der Westhuizenstraat: wes ............ 34
    Verwoerdstraat ........................... 39
    Verwoerdstraat: noord .................... 40
    Verwoerdstraat: suid ..................... 46
    Voortrekkerstraat ........................ 51
    Voortrekkerstraat: oos ................... 52
    Voortrekkerstraat: wes ................... 56
    Dorpsplein ............................... 59
    Noordfasade .............................. 61
    Oosfasade ................................ 61
    Suidfasade ............................... 64
    Wesfasade ................................ 65
    Losstaande geboue of geboue in kleiner groepe ........ 70

'n Bewaringsstrategie en beleid vir Heidelberg 79
Die munisipaliteit as kurator van die verlede ..... 80
Die natuurlike omgewing ..... 81
Vooruitgang en bewaring ..... 82
Die stad as kunswerk ..... 83
Bewaringsbeleid ..... 84
Bylae 1: Stadsrade en bewaring ..... 88
Bylae 2: Die opname ..... 105
Bylae 3: Internasionale handves vir die instandhouding en restourasie van monumente en historiese terreine ..... 110
Bylae 4: Voorstelle vir die gebruik en ontwikkeling van die rivier en spruite van Heidelberg ..... 115